D.A. MULLERKOSHUIS

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

Tel: 017 647 2606
jimvantonderskool@worldonline.co.za

2024/01/26
A van 2024

Geagte Ouer / Voog

Baie welkom terug aan al ons ouers en leerlinge. Ons vertrou dat u 'n lekker vakansie gehad het.

'n Besondere woord van welkom aan al ons nuwe ouers en leerlinge. Dit is 'n voorreg om u deel te maak van DA Müllerkoshuis.

Dit is 'n groot aanpassing vir ons nuwe leerlinge om in die koshuis te wees. Wees maar asseblief geduldig as u kind nog 'n bietjie sukkel met die aanpassing, dit sal verbeter.

WATERSITUASIE IN BETHAL

Daar is tans 'n ernstige waterkrisis/tekort in Bethal. Neem asseblief kennis dat ons alles in ons vermoë doen om die nodige sorg vir die kinders te gee. Ons vra dat u asseblief met u kind sal praat, om ons te help om baie spaarsamig met die water te werk. Dankie vir u geduld tydens hierdie uitdagende tye.

HANTERING VAN PROBLEME

Indien u kind enige probleme by die koshuis ondervind, moet dit dadelik gerapporteer word, sodat ons dit onmiddellik kan hanteer. Hoe gouer u kind 'n probleem rapporteer, hoe gouer kan dit opgelos word. Daar is elke dag 2 mans en 1 dame aan diens by die koshuis by wie probleme aangemeld kan word. Die koshuisvader woon ook op die terrein by wie dit aangemeld kan word.

MEDIKASIE

Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie. Dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet word, indien dit nie daarop aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

SIEK LEERLINGE

Die koshuis beskik oor 'n siekekamer waarheen leerlinge kan gaan indien hulle sleg voel. Indien dit ernstig is sal u daarvan in kennis gestel word. Indien u aan 'n mediese fonds behoort, kan u vir u kind 'n afspraak by 'n dokter in Bethal maak. Ons sal toesien dat hy/sy by die dokter kom. Ouers wat nie aan 'n mediese fonds behoort nie, se kind sal na die hospitaal se buitepasiënte-afdeling geneem word, indien nodig. Slegs die koshuisvader of matrone mag u skakel om hierdie reëlings te tref en nie die kind self nie. Indien nodig sal ons u kind in die siekekamer versorg totdat hy/sy kan huis toe gaan. Moet asb. onder geen omstandighede u kind koshuis toe stuur op 'n Sondag indien hy/sy siek is nie.

SLOTTE EN WAARDEVOLLE ITEMS

Kry asseblief vir u kind 'n ordentlike slot indien hy nie een het nie.

U kind moenie waardevolle items na die koshuis toe bring nie. Enige vorm van selfone, tablette, skootrekenaars en luidsprekers, "Boom Box", is nie toelaatbaar nie. Moenie vir u kind 'n selfoon gee om koshuis toe te bring nie. Elke leerling is verantwoordelik vir sy/haar eie besittings. Ons neem geen verantwoordelikheid vir enige verlies van eiendom in die koshuis nie. Leerders moet self toesien dat hulle kamers en kaste ten alle tye toegesluit bly. Sorg asseblief dat u kind se klere en ander besittings duidelik gemerk is.

ROOK

DA Müllerkoshuis is 'n rookvrye area. Geen rokery sal geduld word nie. Dit skep vir ons 'n ernstige gesondheidsrisiko asook 'n brandgevaar. Volgens die Gedragskode is rook -15 punte, na 'n tweede rook oortreding word 'n leerder tydelik vir 2 weke uit die koshuis geskors. Indien 'n leerder weer 2 rook oortredings begaan, word die leerder permanent uit die koshuis geskors.

KUIER BY VRIENDE

Indien 'n leerling by 'n maat wil gaan kuier, moet ouers/voogde skriftelike toestemming gee. Kuierreëlings moet vroegtydig getref word en nie op 'n Vrydagoggend nie. Indien 'n leerling die koshuis verlaat sonder die nodige skriftelike toestemming, sal dit beskou word dat die kind vanaf die koshuis weggeloop het. Die leerling sal dan volgens die koshuis se Gedragskode gestraf word. Leerlinge word nie toegelaat om gedurende die week, van Maandae tot Vrydae, by maats te gaan kuier nie

DISSIPLINE

Praat asb. ernstig met u kind oor sy/haar gedrag in die koshuis. Kinders wat nie by die koshuis se Gedragskode hou nie, gaan hulle plekke in die koshuis verloor.

VANDALISME

Die koshuis spandeer jaarliks baie geld aan onderhoud. Baie van dit is om breekskade te herstel wat deur leerlinge veroorsaak is. Indien u kind hom/haar skuldig maak aan vandalisme, sal die kostes van u as ouer verhaal word, voordat u kind na die koshuis mag terugkeer.

KOSHUISHEK

Die koshuishek word tans nie gebruik nie, dus moet u van die skool se hoofhek gebruik maak. Al die leerlinge wat op 'n Sondag na die koshuis terugkom, kan vanaf 14:00 in die middag inkom, maar nie later as 18:30 nie aangesien die hek reeds om 19:00 gesluit word. Indien u 'n probleem ondervind, moet u asseblief 'n reëling tref sodat u gehelp kan word.

Dankie vir u samewerking.

KOSHUISGELDE

Die koshuisgelde is R1 950-00 per maand vir 10 maande. U het ook 'n verpligte R400-00 administrasiefooi, ongeag of u 'n beurs ontvang of nie. Ons versoek u om asb. op datum te bly met u rekening. Koshuisgelde is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7de van elke maand betaal wees.

Net weer die volgende inligting ten opsigte van die Koshuisgelde en Nelspruit busgelde. Die Nelspruit busgelde moet asb. voor 9vm op Woensdae oggende in die koshuis se bankrekening reflekteer om 'n bespreking te kan maak vir die daaropvolgende naweek.

Slegs Koshuisgelde en Nelspruit busgelde moet in die koshuis se bankrekening inbetaal word.

Rekening besonderhede :-	**DA Müllerkoshuis**
	ABSA Bethal
	760 260 002
Verwysing :-	**U KIND SE NAAM EN VAN ASOOK WATTER ROETE**
	BV.: BELFAST / HENDRINA / NELSPRUIT / WATERVAL BOVEN

Maak asb. seker dat bogenoemde gelde reg en betyds inbetaal word, anders gaan u kind nie enige kaartjies ontvang nie. Moet asb. nie u naam en van gebruik as verwysing nie. Stuur die bewys van betaling na die volgende e-pos adres : damullerhostel@jimvantonder.co.za

NUWE BUSTARIEWE VIR 2024

BELFAST	-	R115-00 PER RIT	-	R230-00 PER NAWEEK
HENDRINA	-	R 80-00 PER RIT	-	R160-00 PER NAWEEK
NELSPRUIT	-	R230-00 PER RIT	-	R460-00 PER NAWEEK
WATERVAL BOVEN	-	R165-00 PER RIT	-	R330-00 PER NAWEEK

Indien die betalings nie met die boonste bedrae ooreenstem nie, sal die gelde na die koshuisrekening oorgeplaas word.

Indien u by 'n kitsbank 'n betaling maak, kan u nie net 'n bedrag soos bv. R400/1000/1500/2000 inbetaal nie, dit moet slegs die regte bedrag ten opsigte van buskaartjies wees.

Verkeerde betalings en verwysings veroorsaak baie probleme en frustrasies.

BELANGRIKE KONTAK BESONDERHEDE

Skool	-	017 6475987
		017 4220322
Koshuis e-pos	-	damullerhostel@jimvantonder.co.za
Koshuisvader	-	Mnr Bornman 082 337 1645 **(SLEGS IN NOODGEVALLE)**

Alle skool- en koshuisnavrae gedurende skoolure.

BELANGRIKE DATUMS

20 Maart	Skool sluit. Koshuis sluit om 17:00
02 April	Koshuis open om 14:00
03 April	Skool open

Geniet die naweek saam met u kind.

Groete,

M KRüGER
HOOF

JD BORNMAN
KOSHUISVADER